SAVA
NUUSBRIEF
Nommer 137
April 2018

voeg lewe tot jou jare by

'Om my te straf vir my minagting van gesag, het die Noodlot my self 'n gesagspersoon gemaak.'
Albert Einstein, 1930

WATER IS LEWE – SPAAR DIT

Landbou gebruik 70% van die wêreld se vars water, en baie lande staar erge tekorte in die gesig. Reënvalpatrone verander en die wêreldbevolking styg, wat verhoogde landbou beteken om die massas te voed.
Die High Plains-waterdraer in die VSA voorsien 30% van alle landbouwater in die VSA, en dit hou nie by die toenemende vraag by nie. 'n Waterdraer neem tipies honderde jare om water op te gaar . . . .

SAVA-NUUS

SA HOTEL BESPEEKINGS – Gewaarborgde afslae
Julle sal 'n nuwe skakel op die SAVA-webtuiste opmerk: "SAARP Hotel Bookings" (SAVA Hotelbesprekings)

Klik op die aangeduie blok hierbo en ontdek 'n hele nume wêreld. (Ons is tans besig met die opknapping van die Afrikaanse webwerf.)

NUWE VERSKYNSEL OP WEBTUISTE – Kortverhale
Ons het dit as ’n eksperiment begin en het bemoedigende terugvoer ontvang. Rol eenvoudig na die onderkant van die skerm en lees hulle. Ons sal graag jou terugvoer wil kry.

Hier is sommige woordelikse kommentaar:

- *Ek hou van die stories wat ons kan lees, gee ons asseblief meer.*
- *Hou van die stories. Kort, oulik en geen uitgerekte kwessies nie!*
- *Ek het hulle regtig geniet, net die regte lengte en baie pret.*
- *Ek het die kortverhale geniet, hou hulle asseblief in die SAVA-publikasie.*
- *Hulle gelees en HOU VAN hulle!*
- *Baie dankie; ek het hulle op my Kindle gestoor sodat ek hulle kan lees wanneer ek wil; o, ek hou hiervan!*
- *Ek het regtig die kortverhale geniet. Het my Oliver Twist laat herhaal, kan ek asseblief meer kry.*
- *Dankie, het hierdie regtig geniet! Sien uit na meer...*
- *Dankie vir die kortverhale, vir eers het ek hulle gelees soos ek hulle oopgemaak het.*
- *In die toekoms sal ek oorweeg om hulle af te laai, omdat hulle almal kostelik was.*
- *Ek het hulle almal gelees en die eerste een, “Quick Payback”, geniet.*

SAVA SOSIALE KLUBS

PE-WES – Nuus oor hulle jongste beplande uitstappie
Beste Ray, ek neem op Dinsdag 22 Mei ’n bus van 56 mense na Kaap St Francis. Ons sal vis & skyfies of slaai vir middagete geniet, en ek het daarin geslaag om die eetplek sover te kry om die prys hiervoor na R65.00 per persoon te verminder. Ek sal heel waarskynlik iewers stop vir oggendtee en onderhandel nog daarvoor. ons lede betaal R180 per persoon, wat die busfooi, bestuurdersfooi, lekkers op die bus en middagete insluit, en ons sal miskien bietjie uit die tak se geld moet bydra. Ons sal die ligtoring en die pikkewyn-reddingsentrum langs die ligtoring besoek. Ons sal middagete geniet by die Ski-bootklub in die hawe van St Francis. Hopelik sal die weer saamspeel.
Net ’n slotopmerking: Ons het ’n goeie mengsel van ons reënboognasie op die bus, omtrent 50/50 blanke en swart lede. Groete vir eers van die Reënboognasie-tak. Lynne

SAVA-DIENSTE

LIFESTYLE-BOOTREISE – Mistieke Skotse Hooglande

Pakket 1 – ALLERBESTE SALIGHEID

Vreugde en ontspanning om te ervaar op vakansie aan boord van Norwegian Cruise Line se nuutste en ongelooflikste drywende oord, Norwegian Bliss.

9 NAGTE BOOTREIS VAKANSIEPAKKET

Pakket sluit in:

Retoervlugte en belastings vanaf Johannesburg
2 Nagte hotelverblyf in Miami
7 Nagte volle losies op die **splinternuwe Norwegian Bliss**
Fooitjies, Hawebelastings en Bagasieheffings ingesluit
Uitgesoekte Oorplasings
Vertrekdatum: 12 Desember 2018

Bootreisplan

MIAMI VERENIGDE STATE | ST. THOMAS VERENIGDE STATE | TORTOLA BRITSE MAAGDE-EILANDE |NASSAU BAHAMAS
MIAMI VERENIGDE STATE
Pryse vanaf **R 39 999** per Persoon wat Deel

Pakket 2 – Grootse Bootreis Barcelona na Rio

Soos ’n betowerende feeverhaal-kasteel is die Costa Favolosa omring deur betowering, versier met kosbare materiale en afwerkings en afgerond met die jongste tegnologie. Hoë gotiese-styl ruimtes verwelkom gaste by ’n voorkamer verryk met sprankelende diamantvormige versierings en vorstelike vermaak enige tyd van die dag of nag.

22 Nagte Bootreis Vakansiepakket

Pakket sluit in:

Retoervlugte & Belastings vanaf Johannesburg
1 Nag Hotelverblyf in Barcelona, Spanje
19 Nagte Volle Losies Bootreis op die Costa Favolosa
1 Nag Hotelverblyf in Rio de Janeiro, Brasilië
Fooitjies, Hawebelastings & Bagasieheffings
uitgesoekte Oorplasings
Vertrekdatum: 18 November 2018

Bootreisplan

Barcelona, Spanje | Savona, Italië | Marseille, Frankryk | Malaga, Spanje | Casablanca, Marokko | Funchal, Madeira | Tenerife, Kanarieswe Eilande | Recife, Brasilië | Maceio, Brasilië | Salvador De Bahia, Brasilië |Ilheus, Brasilië |Rio De Janeiro, Brasilië
Pryse vanaf **R 34 999** per Persoon wat Deel

DIE NIE-SO-GEWILDE ONDERWERP VAN "BEGRAFNISSE"

Die onderwerp van "Begrafnis" is nie so gewild of iets wat ons graag dikwels wil bespreek nie, maar is so 'n integrale deel van die lewe. Ons moet inlig wees en die regte besluite vir ons geliefdes neem. 'n Paar dinge moet oorweeg word.

Het jy geweet 'n begrafnis kos enigiets tussen R15 000 vir 'n baie basiese begrafnis tot R85 000 vir meer uitvoerige afskeide?

Ons glo dat die lewe van 'n geliefde met spesiale warmte en sorg geëer moet word. Met 'n sterfte wil jy graag 'n paar belangrike besluite neem en sal bystand benodig vir die reël van 'n fatsoenlike begrafnis wat aan die wense van die familie of, indien beskikbaar, die gedokumenteerde wense van die oorledene eer betoon.

- Het jy gedink om jou persoonlike laaste wense op papier te sit?
- Het jy 'n plan in plek om familielede by te staan? SAVA het 'n gespesialiseerde Bystandsvoordeleplan met Hollard onderhandel. Lees meer www.saarp.net/Benefits/Mahala
- In die geval van dood, sal 'n begrafnisdiensverskaffer jou van 'n begrafnisondernemer voorsien om jou met die onmiddellike begrafnisreëlings wat getref moet word, by te staan. Tradisioneel word begrafnisreëlings by die begrafnisonderneming getref. Sommige van die groter name sal egter die diens in die privaatheid van jou eie huis aanbied, indien so verkies.

Het jy voorsiening vir jou geliefdes gemaak? Laat ons jou bystaan om die regte besluit te neem. Lees meer www.saarp.net/Benefits/Mahala

SAVA-VAKANSIEKLUB

Die volgende is voorbeelde van korting wat ons Vakansieklub tydens buiteseisoen-vakansies vir julle en julle gesinne kan aanbied. *Om te bespreek,* ***skakel Renske by 021 592 1279.***

OORD	AREA	DATUM	EENHEID	PRYS
Mabalingwe	Brits	7-11 May	Studio	R1 254
Sondela	Bela Bela	10-14 Sep	2 s/kamer	R2 070
Tableview Cabanas	Blouberg	27-31 Aug	1 s/kamer	R1 380
Formosa Bay	Plettenberg Bay	13-17 August	2 s/kamer	R1 380
Midlands Saddle & Trout	Drakensberg	10-14 Sep	1 s/kamer	R2 415
Hazyview Cabanas	Hazyview	27-31 Aug	2 s/kamer	R1 725
Waterberg Game Park	Limpopo	27-31 Aug	1 s/kamer	R1 380
Umhlanga Cabanas	Umhlanga	20-24 Aug	2 s/kamer	R2 070
Margate Beach Club	Margate	3-7 Sep	2 s/kamer	R1 380
Cayley Lodge	Drakensberg	30/7 – 3 Aug	1 s/kamer	R1 725

Ngwenya	Komatipoort	26-30 Nov	1 s/kamer	R3 105

NOTA 1: Die bogenoemde pryse sluit 14% BTW in.
NOTA 2: Die prys is vir die hele tydperk.
NOTA 3: Alle kansellasies moet 11 (elf) weke voor die aankomsdatum gemaak word om die verlies van ’n terugbetaling wat op ’n kansellasie uitloop, te voorkom.
BETALING: Wanneer Renske jou bespreking BEVESTIG het, sal sy 'n faktuur uitreik wat SAVA se bankbesonderhede bevat. Wanneer jy die verlangde bedrag in SAVA se bankrekening inbetaal het, stuur asseblief bewys van betaling deur een van die volgende te gebruik:

Faks: 021 592 1284
E-pos: renskes@saarp.net

En onthou om jou ID-nommer en naam aan te haal.

MOENIE ENIGIETS BETAAL VOORDAT JY DIE BEVESTIGING VAN DIE BESPREKING EN DIE FAKTUUR ONTVANG HET NIE.

GESONDHEID

BLOEDDRUK – En kalium

Mense bo die ouderdom van 50 soek gereeld na maniere om hulle bloeddruk te verlaag, en die fokus is op kosse om items met hoë soutinhoud uit te skakel. Kan die toevoeging van smaaklike items ook help? Kalium kan ’n geheime wapen wees wanneer gedink word aan gesondheid van die hart, bloeddrukbeheer en verbetering van liggaamstelsels. Ongelukkig is ons diëte baie ryker aan natrium as aan kalium, wat ’n wanbalans in ons stelsel skep. Volgens die National Health and Nutrition Examination Survey (VSA), bereik minder as 2 persent Amerikaners die aanbevole inname van kalium, wat 4 700 mg per dag is. Nogtans eet die oorgrote meerderheid van ons, meer as 90 persent, 2 300 mg natrium per dag, wat die top draaglike perk is wat deur die Gesondheidsinstituut aanbeveel word. Net een teelepel tafelsout is gelykstaande aan 2 400 mg natrium; dit is daarom maklik om jou stelsel van balans af te gooi.
Onverwerkte kosse is die beste bronne van kalium, en die vermyding van verpakte en geprosesseerde kosse is die beste manier om jou natriuminname te verlaag. Aanbevole bronne van kalium sluit in:

- Jogurt
- Avokado (Probeer om gesoute botter met hierdie natuurlike lekkerny in jou volgende maal uit te ruil)
- Winterskorsie (akker of botterskorsie)
- Spinasie en ander groen groentes
- Heel aartappels met die skil, soos patats en Idaho-aartappels
- Salm en sardiens

- Gedroogde vrugte soos appelkose en pruime, en vars vrugte soos piesangs en pomelo
- Groentes soos beet en brokkoli
- Wit bone, Lima-bone, swart bone en ander peulvrugte

AARP

DIEET

VUUR – ’n Kookrevolusie

Dit is feitlik onmoontlik om die belangrikheid van kookkuns in die menslike evolusie aan te dik. Die gebruik van vuur vir rou kos veruiterlik die verteringsproses; dit gelatineer stysel en denatureer proteïen. Die chemiese uitmekaarhaal van rou kos, wat by ’n sjimpansee ’n derm rofweg drie keer die grootte as ons s’n benodig, laat Homo Sapiens toe om baie minder kos te eet en baie minder kalorieë te gebruik om voedingstowwe daaruit te onttrek. Die uitwerkings is enorm. Dit het die vroeë mens toegelaat om ’n baie wyer reeks kosse as voorheen bymekaar te maak en te eet: plante met dorings, dik skille, en bas kon oopgemaak, geskil en gedetoksifiseer word deur dit te kook; harde sade en veselkosse wat nie die kaloriekostes van hulle vertering sou terugbetaal , het smaaklik geword; die vleis en binnegoed van klein voëltjies en knaagdiere kon gesteriliseer word. Selfs voor die aanbreek van die kookkuns was Homo sapiens ’n breëspektrum-omnivoor wat rou vleis en plante gestamp, gemaal, fyngemaak, gefermenteer en gepekel het, maar met vuur kon die reeks kosse wat sy kon verteer, eksponensieel uitbrei. As getuienis tot die reeks, getuig ’n argeologiese plek in die Rift Valley wat drie-en-twintigduisend jaar terugdateer van ’n dieet wat vier voedselwebbe oorspan (water, boslandskap, grasveld, en droog) en ten minste 20 groot en klein diere, 16 families van voëls en 140 soorte vrugte, neute, sade en peulvrugte omvat.
Against the Grain: A Deep History of the Earliest States **deur James C Scott**

DIEET – Arm landelike Victorianers ‘het die beste dieet gehad’

’n Nuwe verslag het onthul dat arm, landelike gemeenskappe wat hoëkwaliteitkosse wat plaaslik gekoop is, geëet het, die beste dieet en gesondheid in middel-Viktoriaanse Brittanje gehad het. Die gesondste streke, gemeet aan lae sterftesyfers, was dikwels die mees afgeleë. In daardie gebiede sou mense baie plaaslik verboude aartappels, heelgraan, groente, vis en melk ingeneem het. Daar was ook minder sterftes as gevolg van longtering. Die navorsers het bevind dat die voedsaamste diëte geniet is in geïsoleerde, landelike gebiede van Engeland, die vasteland en eilande van Skotland en die weste van Ierland – wat daardie tyd deel van die Verenigde Koninkryk van Groot Brittanje en Ierland was.
Dr Peter Greaves, studie-outeur van die Kankernavorsingsentrum in Leicester, sê: *“Die feit dat hierdie beter gevoede streke van Brittanje ook laer sterftesyfers getoon het,*

strook heeltemal met onlangse studies wat 'n verlaagde risiko vir dood getoon het, wat gevolg het op verbetering in die rigting van 'n hoër Mediterreense dieetstandaard." Die landelike dieet was dikwels beter vir die armes in meer geïsoleerde gebiede as gevolg van betaling in goedere, veral graan, aartappels, vleis, melk of klein stukkies grond om groente te kweek of diere aan te hou. Ongelukkig was hierdie gemeenskappe in die proses om te verdwyn onder die druk van verstedeliking, kommersiële boerdery en migrasie. Hierdie veranderings in die Victoriaanse gemeenskap het tot swakker diëte onder arm, landelike bevolkings gelei en daartoe gelei dat plaaslik verboude kos minder divers geraak het – iets wat sedertdien oor die wêreld heen plaasgevind het. Vir baie arm mense regoor Brittanje was wit brood gemaak van gesifte koringmeel die stapelkomponent van die dieet. Wanneer hulle dit kon bekostig, sou mense dit aanvul met groente, vrugte en kosse afkomstig van diere soos vleis, vis, melk, kaas en eiers – 'n Mediterreense-styl dieet. Arm mense wat in ryker plaasdistrikte gewoon het en gewoonlik in kontant betaal is, het dikwels groot probleme gehad om gereeld hierdie kosse te kry, maar in meer geïsoleerde gebiede van Brittanje was melk en vis meer toeganklik. 'n Goeie aantal landelike bewoners het tot 'n rype ouderdom geleef, het die navorsers gesê. In die arm landelike distrikte van Connaught in die weste van Ierland het byvoorbeeld byna 20% van die mense die ouderdom van 65 of hoër bereik, en sommige het die ouderdom van 95 of selfs 100 bereik.
BBC

REKENAARVEILIGHEID

SPIOENASIESAGTEWARE – Pasop
Wanneer jy aanlyn gaan, moenie aanneem jou privaatheid is veilig nie. Loerende oë volg dikwels jou aktiwiteit – en jou persoonlike inligting – met 'n deurdringende vorm van kwaadwillige sagteware genaamd spioenasiesagteware ("spyware").
Wat is spioenasiesagteware?
Hoewel dit soos 'n James Bond-toestel klink, is dit eintlik 'n generiese term vir kwaadwillige sagteware wat jou rekenaar of mobiele toestel besmet en inligting oor jou, jou rondblaaiery en Internetgebruikgewoontes, asook ander gegewens bymekaarmaak.
Hoe kry ek spioenasiesagteware?
Hier is 'n paar hooftegnieke van spioenasiesagteware om jou rekenaar of mobiele toestel te besmet:

- **Sekuriteitkwesbaarhede.** Hier is 'n nee heel boaan die lys: klik op 'n onbekende skakel of aanhegsel by 'n e-pos.
- **Misleidende bemarking.** Skrywers van spioenasiesagteware hou daarvan om hulle spioenasiesagteware-programme voor te hou as bruikbare instrumente om af te laai.

- **Sagteware-bondels.** Wie hou nie van gratis sagteware (“freeware”) nie? Hulle mag soos nodige komponente lyk, maar hulle is nietemin spioenasiesagteware.
- **Verskeie.** Trojaanse perde, wurms, en agterdeure versprei spioenasiesagteware bykomend tot hulle primêr kwaadwillige bedoeling.
- **mobiele toestel spioenasiesagteware**. Beide Mac en Android-toestelle word besmet wanneer jy ’n toepassing met ’n kwaadwillige kode installeer.

Tipes spioenasiesagteware

Sommige tipiese funksies in die ontwerp van spioenasiesagteware sluit die volgende in:

- Wagwoordstelers is toepassings wat ontwerp is om wagwoorde van besmette rekenaars te oes.
- Bank Trojaanse perde is toepassings wat ontwerp is om inligting van finansiële instellings te oes.
- Inligtingstelers is toepassings wat besmette rekenaars skandeer en ’n verskeidenheid inligting, insluitende gebruiksname, wagwoorde, e-posadresse, blaaigeskiedenis, log-lêers, stelselinligting, dokumente, spreiblaaie of ander medialêers uitsoek.
- Sleutelaantekenaars (“keyloggers”), ook na verwys as stelselmoniteerders, is toepassings wat ontwerp is om rekenaaraktiwiteit vas te lê, insluitende sleutelaanslae, webtuistes wat besoek word, soekgeskiedenis, e-posbesprekings, kletskamerdialoë en stelselinligting.

Beskerm jouself

Die beste verdediging teen spioenasiesagteware, soos met die meeste kwaadwillige sagteware (“malware”), begin met jou gedrag. Volg hierdie basiese riglyne vir goeie kuber-selfverdediging:

- Moenie e-posse van onbekende afsenders oopmaak nie.
- Moenie lêers aflaai tensy hulle van ’n betroubare bron af kom nie.
- Hou die muismerker op ’n skakel om seker te maak jy word na die regte webblad gestuur.
- Moenie onveilige gratis Wi-Fi, wat algemeen by openbare plekke is, gebruik nie.
- Soek ’n kubersekuriteitstoepassing wat intydse beskerming insluit. Intydse beskerming blyk spioenasiesagteware en ander bedreigings outomaties voordat hulle op jou rekenaar geaktiveer kan word.

DIE WÊRELD VAN DIE WEB

DIE TOEKOMS – Is jy gereed?

Die wêreld se top tien maatskappye:

2008	2018
• Exxon • Walmart • China Nasionale Petroleum • Industrial and Commercial Bank of China	• Apple • Google • Microsoft • Amazon • Facebook

- **Uber** is net ’n sagteware-instrument; hulle besit geen motors nie en is nou die grootste huurmotormaatskappy in die wêreld.
- **Airbnb** is nou die grootste hotelmaatskappy in die wêreld, hoewel dit geen eiendomme besit nie.

Amazon

Ek skakel my rekenaar aan, teken aan op Google en klik op Gmail. In my inkassie is ’n posstuk van Amazon wat my van nuwe boeke vertel. Ek klik om die pos oop te maak. Een boek staan dadelik uit – ’n definitiewe moet hê. Ek klik op die boek en dit neem my reguit na *amazon.com* en die besonderhede van daardie boek. Ek klik op *[Kindle edition]*, dan klik ek op *[Buy]*. ’n Boodskap wip op: *“Dankie, Raymond. Die boek is by jou Kindle afgelaai, jy kan gaan en begin lees.”* Byna gelyktydig biep my selfoon met ’n boodskap van die FNB Kaartafdeling om my in te lig dat ek met ’n bedrag van Amazon gedebiteer is. Vyf klikke nadat ek aangeteken het – niks anders ingevoeg nie – en die hele transaksie is gedoen en afgehandel. So eenvoudig is dit.

Google

Mense lieg en bedrieg. Gebruikers is onwillig om sekere houdings te beken op dinge soos **Facebook** en **Twitter**, en dit maak opnamevrae en beskrywende data so onseker. Daar is egter een plek waar niemand nodig het om jou iets te vra nie, waar jy nie lieg nie, waar jy jou ware self ontbloot. Daardie plek is Google se beroemde enkel por op hulle tuisblad, daardie eenvoudige reghoek met sy flikkerende merker wat net vir jou gedagtes wag, en vra: *“Waaraan dink jy?”*

Google versamel deurlopend data; dit het die bewaarplek van die wêreld se kollektiewe ID geword. Hulle het ingewikkelde algoritmes wat jou por om versamelde data te gebruik, wat teen ’n millisekonde groei. Hulle algoritmes lys die reaksies op jou vrae volgens die frekwensie van die ‘waaraan dink jy’s’. As ek intik *“Is my hu,”* rol ’n por onmiddellik af wat por met:



Die vraag hoe ons kan sien waarna gesoek word, is sedert 2008 geantwoord met die Google Trends-instrument. Dit stel jou in staat om hulle saamgestelde databasis te bevraagteken. As jy die regte vrae vra, kan jy 'n uittreksel maak van 'n uitstekende voorbeeld van die private intellek en sy interne werking. Tot met Google Trends, was data onbeskikbaar vir navorsers sedert navorsing begin het. Navorsers kan nou selfs redelik akkuraat jou IK bepaal deur wat jy op die Internet plaas.
Ons het soos vlieë in 'n web geword . . . Geen plek om weg te kruip nie (Come back Mark Saxon).

LANGLEWENDHEID EN WERK

DIE MAAN – En die brein
Soms kan die maan onmoontlik groot lyk – groot genoeg om jou en jou huis in te sluk en steeds terug te kom vir meer. Dit gebeur dikwels wanneer die maan naby die horison of naby 'n ander herkenbare landmerk op die aarde hang, Dan, as die maan opkom, keer die grootte daarvan na normaal terug. 'n Gewilde maar onakkurate verduideliking vir hierdie raaiselagtige verskynsel is dat 'n soort atmosferiese truuk die opkomende maan skeeftrek. In werklikheid is die reusagtige maan op die horison net 'n optiese illusie. Ons neem die hemelse horison waar as verder weg as die lug daarbo, daarom pas ons breine outomaties die grootte van enigiets op die horison aan om te strook met die aanname. Om dit vir jouself te bewys die volgende keer wanneer jy 'n onmoontlike groot maan sien, probeer om al die voorwerpe wat naby is, uit te blokkeer, of hulle geboue, bome, berge, of the vensterraam in jou slaapkamer is. Sonder om daardie voorwerpe toe te laat om jou brein te mislei om te dink die maan is super ver weg, lyk die maan steeds groot? Waarskynlik nie.

WOORDE

WOORDE – Agt wat ons denke verander het

Elke woord bedek ’n storie, ’n geheime geskiedenis. hier is agt prikkelende nuutskeppings wat die manier waarop ons oor die wêreld om ons dink, dit sien, hoor, ontdek, en daarin bestaan, verander het

Twitter

‘Twitter’ het eers getril uit die veerpen van Geoffrey Chaucer in sy vertaling van *Consolation of Philosophy* deur die 6de-eeuse filosoof Boethius. ‘Twitter’, wat beide ‘chirp’ en ‘warble’ met ’n eeu voordateer, is een van 2 200 woorde waarvoor die Middeleeuse digter met die neerpen van ’n aanvangsgebruik gekrediteer word

Serendipity (gelukkige toeval)

Die Engelse skrywer Horace Walpole, terwyl hy ’n brief geskryf het, het aan die wêreld daardie lewendige bokspring van lettergrepe as geskenk gegee: ‘serendipity’. Walpole het gesê dat hy sy liriese uitvindsel op ’n Persiese feeverhaal gebaseer het.

Panorama

Die woord het oorspronklik verband gehou met ’n heeltemal afgeslote ervaring: ’n silindriese skildery wat sy gehoor gevange hou – ’n binnemuurse visuele uitvindsel geprakseer deur die Ierse kunstenaar Robert Baker.

Visualise

1817, die jaar waarin die romantiese digter en kritikus Samuel Taylor Coleridge die woord in sy filosofiese belydenis *Biographia Literaria* geskep het.

Intellectualise

Dit behoort waarskynlik aan ’n geheimsinnige 18de-eeuse reisiger met die eienaardige bynaam‘ Walking Stewart’ na aanleiding van sy gevierde kordaatstuk toe hy oor ’n groter deel van die bekende wêreld gestap het as enigiemand voor hom. Hy het ’n eksentrieke filosofie ontwikkel wat gesentreer het om die gedagte dat gees en liggaam in ’n konstante vloei was tussen ’n wêreld wat oneindig geïntellektualiseerd is en ’n gees wat eindeloos ‘thingified’ is.

Bureaucracy

In 1818 het Jean Claude Marie Vincent de Gournay dié Franse woord vir lessenaar (bureau) verbind met die Griekse agtervoegsel wat ‘die krag van’ (-cracy) beteken en ’n naam gegee aan die rompslomp wat die gemeenskap begin wurg het.

Photograph

Daar was verskeie mededingende woordskeppings vir die Engelse sterrekundige en uitvinder Sir John Hershell se voorstel van die woord ‘photograph’ in 1839 voordat dit permanent in die wêreld se woordeskat vasgestel is.

Muggle

Die *Oxford English Dictionary* skryf aan vroulike skrywers die eerste gebruik toe van woorde soos ‘outsider’ (aan Jane Austin in 1800) en ‘angst’ (ingevoer uit Duitsland deur George Eliot in 1949). In ons eie eeu het dit weereens ’n vrolike romanskrywer te beurt geval om te definieer wie met die kragte van die ingewydes bedeel is en diegene wat mank gaan aan toorgewoontes. J K Rowling het ‘muggle’ in haar 1997-boek, *Harry*

Potter and the Philosopher's Stone, geskep om sterflinge wat beroof is van bonatuurlike vaardigheid te beskryf.

BBC

SUIKER

SUIKER – Hoeveel in gewilde drankies



5 gram is gelykstaande aan 1 teelepel.

SUID-AFRIKA

VOORSPELLINGS – Ongegronde vrese en wilde optimistiese voorspellings
370BC: Skryf sal ons geheues ruïneer.
1492: Drukwerk sal monnike laat met niks om te doen nie.
16e- en17e-eeuse boeke sal ons ”verward” en “barbaars” maak.
1589: Breimasjiene sal werkers in bedelaars verander.
1888: Ons sal almal op 45 aftree.
1879: Telefone sal nooit boodskappers vervang nie.
1883: Openbare onderwys sal kinders se gesondheid ruïneer.
1899-1910: Haarkappery sal deur robotte gedoen word.
1910: Die telefoon sal aan jou ’n “sesde sintuig” gee.
1926:Telefone sal vergaderings van aangesig tot aangesig doodmaak.
1930: Ons sal 30-uur-weke werk.
1930: Ons al in private stralers wegvlieg vir die naweek.
1936: Kinders wie se aandag deur die radio afgetrek word, sal nie hulle huiswerk doen nie.
1950: Ons sal per helikopter pendel.
1950: Werk sal vroue in reuse verander.
1959: Kunsmatige intelligensie sal al ons werk neem.
1964: Ons sal almal oor afstand werk.
1975: Die papierlose kantoor is op pad.
1982: Ons sal vir liefde werk, nie vir geld nie.
1995: Die Internet sal in 1996 in duie stort.
BBC
0% uit 100% – nie sleg nie – al die bogenoemde moes deur óf ekonome of beleggersbankiers voorspel gewees het . . . ☺

TEGNOLOGIE

FACEBOOK – ’n Senior se weergawe
Vir diegene van my generasie wat nie verstaan nie en nie kan verstaan waarom Facebook bestaan nie. Ek probeer vriende maak buite Facebook deur dieselfde beginsels toe te pas. Ek loop daarom elke dag in die straat af en vertel aan verbygangers wat ek geëet het, hoe ek op die oomblik voel, wat ek die vorige nag gedoen het, wat ek later sal doen en saam met wie. Ek gee vir hulle foto’s van my gesin, my hond en van my wat tuinwerk doen, die grasperk natlei, voor bakens staan, in die dorp rondry, middagete eet, en doen wat enigiemand en almal elke dag doen. Ek luister ook na hulle gesprekke, wys my duim vir hulle en vertel hulle dat ek hulle “like”. En dit werk net soos met

Facebook. Ek het reeds 4 mense wat my volg: 2 polisiemanne, ’n privaatspeurder en ’n psigiater.

SAVA-DIENSTE

Gaan asseblief na www.SAVA.net en klik op die Voordele-skakel om ons reeks dienste vir lede te sien:



Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279
Faks: 021 592 1284
Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar
E-pos: info@saarp.net
Of sien dit alles by www.saarp.net

SAVA, sy verskaffers, uitgewer, drukker en bydraers het geen bedoeling om spesifieke mediese of ander advies te voorsien nie, maar mag lesers eerder voorsien van inligting ingevolge sy regte onder die Konstitusie van Suid-Afrika. Inligting wat hier verskaf word, is nie 'n plaasvervanger vir professionele advies van enige aard nie, meer spesifiek mediese advies, sorg, diagnose of behandeling. Dit is ook nie ontwerp om enige mediese praktyk of behandeling, program of produk wat in die redaksionele inhoud van die Bulletin of webtuiste of soortgelyke platform geadverteer of genoem word, te bevorder of te onderskryf nie. Bykomend en soortgelyk bied SAVA nie professionele advies op enige terrein aan nie, insluitende maar nie beperk nie tot regsake en finansies. In alle gevalle, sou lesers advies benodig, behoort hulle 'n behoorlik geakkrediteerde en gekwalifiseerde spesialis op die terrein te raadpleeg

ALLEDAAGSHEDE

BROKKIES

OULIKE “DAFFYNITIONS”
SKOONHEIDSALON: ’n Plek waar vroue “curl up and dye”.
HOENDERS: Die enigste diere wat jy eet voor hulle gebore is en nadat hulle dood is.
STOF: Modder met die sap wat uitgedruk is.
EGOÏS: Iemand wat ek-diep in gesprek is.
SAKDOEK: Verkoue stoorplek.
INFLASIE: Sny geld in die helfte sonder om die papier te beskadig.

MUSKIET: ’n Insek wat maak dat jy meer van vlieë hou.
ROSYNTJIE: ’n Druiwekorrel met sonbrand.
GEHEIM: Iets wat jy aan een persoon op ’n slag vertel.
GERAAMTE: ’n hoop bene waarvan die persoon afgeskraap is.
TANDPYN: die pyn wat jou tot ekstraksie dryf.
MÔRE: Een van die grootste werkbesparende toestelle van vandag.

Ray Hattingh

NS Beoordeel die waarde van wat jy het aan wat jy moes opgee om dit te kry.

Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279
Faks: 021 592 1284
Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar
E-pos: info@saarp.net
Of sien dit alles by www.saarp.net

voeg lewe tot jou jare by